**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Saak Nr. : 2268/2004**

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **C.J. VENTER N.O.** | 1ste Applikant |
| **J.H. JANSE VAN RENSBURG N.O.** | 2de Applikant |
| en | |
| **B.B. (BEN) COETZEE** | Respondent |

---

**UITSPRAAK DEUR:** KRUGER R

---

**GELEWER OP:** 2 FEBRUARIE 2006

---

## HERSIENING VAN TAKSASIE

[1] Hierdie is ‘n hersiening van taksasie kragtens reël 48 van die Eenvormige Hofreëls.

[2] ‘n Verspilde kosterekening van advokaat is op 4 Junie 2004 getakseer.

[3] Rekening:

| | | Rekening | Afgetaksee r | Toegelaat |
|---|---|---|---|---|
| (1) | Nalees stukke (5 dae) | 32 500 | 16 800 | 15 700 |
| (2) | Betooghoofde | 13 000 | 13 000 | 0 |
| (3) | Gekanselleer 23/1 vir 29/1 | 4 300 | 0 | 4 300 |

[4] Mnr. Maree maak beswaar by taksasie, sê dat slegs item (3) toegelaat behoort te word.

[5] Mnr. Scheepers het saamgestem dat die volle fooi nie op 'n verspilde laaste rekening toelaatbaar is nie, maar meen dat item (1) nie in die geheel afgetakseer kan word nie.

[6] Die Takseermeester takseer soos in derde kolom.

[7] Mnr. Maree teken beswaar teen taksasie aan op 28 Junie 2004. Gestelde saak is op 5 April 2005 uit na prokureurs. Geen submissies van prokureurs is ontvang nie.

[8] Verspilde koste is die bykomende koste wat deur die uitstel veroorsaak word – **CARLIS v HAY** 1903 TS 317. Dit is koste wat voorheen aangegaan is wat nutteloos geword het

as gevolg van die teenparty se optrede – **MBEKENI v JIKA** 1995 (1) SA 423 (Tk) te 424 F – G.

[9] Ten einde te bepaal of sekere koste as verspilde koste beskou moet word, kan gevra word of dit, as gevolg van die uitstel, nodig sou wees om weer die besondere koste aan te gaan. Indien wel, is die koste verspilde koste.

[10] Koste aangegaan vir optrede wat reeds in die litigasie gebruik is, bv. waar sekere getuies reeds getuig het, of betooghoofde reeds voltooi is, word koste in die geding. Aan die einde van die saak beslis die hof wie dit moet betaal (tensy daar spesiale omstandighede is wat ‘n ander optrede verg).

[11] Waar ‘n saak voor die aanvang van die verhoor geskik of uitgestel word, moet die takseermeester die advokaat se fooie met betrekking tot kansellasies en voorbereiding wat apart gemaak is, evalueer – **PRETORIUS v SANTAM BPK** 2000 (2) SA 858 (T) te 862 E – H.

[12] Wat punt (2) van die kosterekening betref, die betooghoofde, is dit ‘n voorbeeld van koste wat koste in die geding sal word. Die koste is nie verspil nie. Die betooghoofde sal later gebruik word. Dus is item (2) afgetakseer.

[13] Wat punt (3) op die kosterekening betref: Die koste van advokaat op verhoor sal weer aangegaan moet word, dus is die advokaat se gemerkte ⅔ verhoorfooi toelaatbaar.

[14] Wat punt (1) betref: Daardie advokaat het reeds die oorkonde gelees. Hy sal moontlik voor die uitsteldatum weer na die oorkonde moet kyk, maar hy sal dit nie in die geheel hoef te bestudeer nie.

[15] Moontlik sal daardie advokaat nie beskikbaar wees op die uitsteldatum nie, en sal ‘n ander advokaat die rekord moet lees (hy sou wel nie weer betooghoofde hoef op te stel nie, en sy voorganger s’n gebruik). In so ‘n geval sal die koste verbonde aan die lees van die rekord ten minste gedeeltelik

wel verspilde koste wees. Dit is met daardie onsekere situasie in die oog dat die takseermeester nagenoeg ½ toegelaat het.

[16] Die leeswerk was nie heeltemal nutteloos nie, maar ook nie in die geheel benut nie. Op daardie basis het die takseermeester nagenoeg helfte toegelaat. Daardie benadering kan nie gefouteer word nie.

[17] Ek sien geen rede waarom enige kostebevel toegestaan moet word nie.

[18] Die hersiening word afgewys.

______________

**A. KRUGER, R**

Prokureur vir applikant in taksasie: Schoeman Maree Ingelyf
BLOEMFONTEIN

Prokureur vir respondent in taksasie: Naudes Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/sp